**28 Desember**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2 (OAV)**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:8, 12a**

## Wie verdra, sal met Christus Jesus regeer

Satan en sy magte, die vyande van God en sy kerk, spits hulle in hierdie wêreld toe op die kerk en die gelowige wat aan Christus getrou is. Hulle doen dit van buite die kerk, sowel as binne die kerk. Van buite die kerk is daar die spot van die wêreld oor die geloof, die bedekte en openlike vervolging van die Christendom, afgodery, losbandigheid en die verleiding van Satan. Van binne die kerk is daar die afdwaling van die suiwer leer, die vals leraars, die formalisme en skyngodsdiens.

2 Timoteus 2:18 waarsku teen ’n aanslag wat van binne die kerk kom, naamlik gelowiges wat van die waarheid afgedwaal het. Hulle het afgedwaal omdat hulle in die geloofstryd kompromieë aangegaan het en ontrou geword het. In hierdie situasie kom die bemoediging en oproep: “As ons verdra, sal ons met Hom regeer” (2 Tim. 2:12a). Wie volhard in die geloof en in die suiwer leer en wie die spot, lyding en vyandigheid wat daarmee saamhang, verdra, sal met Christus regeer.

Die Koningsheerskappy van Christus is immers die brandpunt van ons teks. Hy is uit die geslag van Dawid, Hy is Koning (2 Tim. 2:8). Wie deur die krag van die opgestane Koning, Jesus Christus, volhard, sal ook tot in ewigheid in koningsheerskappy deel. Wie volhard, heers nou al as konings deur teen Satan, die sonde en die ou natuur te stry. Ons heers nou al deur gebede wat ons tot God smeek.

Hierdie heerskappy bereik eendag sy volheid as ons op die nuwe aarde as konings saam met Christus Jesus regeer.

*Sing: Skrifberyming 39:3, 4*

*Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)*